Beeld Die Burger Die Burger Volksblad Rapport Huisgenoot Sarie Kuier tuis Baba Landbou Weg! Ry & Sleep finweek Streeknuus 30 dae gratis Meld aan

NETWERK24 18°C / 23°C

SOEK

NUUS

Staan saam teen verslawing

Deur **Angelo Julies** | **05 Maart 2019 06:01** | Gazette

Agter is Stacey Doorly-Jones en raadslid Paula Hess (KWDM). Voor is raadslid Craig Steyn (KWDM), raadslid Wilma Strauss (Langeberg-munisipaliteit), dr. Helena von Schlicht (KWDM-burgemeester) en raadslid JDF van Zyl (KWDM). Foto:

Die Langeberg Substance Abuse Action Group (LSAAG) het verlede Woensdag 27 Februarie die Langeberg-dwelmmisbruik se gemeenskapsgegronde buitepasiënt-behandelingsdiens van stapel gestuur.

Dié program het gister (4 Maart) amptelik by die MAG-sentrum in Montagu begin en is oop vir inskrywings en verwysings.

"Die doel van die program is om dwelm- en alkoholverslaafdes te rehabiliteer en hul families te help, want dit is 'n baie groot probleem in die Langeberg en daar is geen rehabilitasiesentrum of inrigting hiér nie," sê Stacey Doorley-Jones, uitvoerende hoof van Social Transformation Action Defined (STAND), waaronder LSAAG werksaam is.

Die program is by die departement van maatskaplike ontwikkeling in die Wes-Kaap geregistreer en sal op 'n siklus van agt weke werk en is absoluut gratis.

"Ons wil mense in hul omgewing behandel. Mense is geneig om na verslaafdes te kyk en sê stuur hulle weg, want dis die gedrag wat aangespreek moet word, maar hulle omgewing speel ook 'n groot rol. Wanneer hulle terug is in daardie omgewing begin die probleem weer. Mense moet ondersteuning uit hul gemeenskap kry," sê Doorley-Jones. "Ons wil nie net mense rehabiliteer nie, maar ook oplei om selfonderhoudend te wees."

Dr. Helena von Shlicht, uitvoerende burgemeester van die Kaapse Wynland-distriksmunisipaliteit, het in haar toespraak gesê dit is nie net die werk van maatskaplike werkers om die probleem aan te spreek nie, maar alle sektore van die gemeenskap moet bymekaar kom.

"Dwelms is almal se probleem, dit raak ons almal. As dit jou nie direk raak nie ken jy iemand wat daardeur geraak word. Ondernemings en organisasies moet die program ondersteun," sê Von Shlicht.

Lees jou gunsteling-tydskrifte en -koerante nou alles op een plek teen slegs R99 p.m.

Word 'n intekenaar

NUUSBULLETIN GEWILDSTE

1. Koning Salman skuif kroonprins opsy
2. Standard Bank: G'n nuus oor watter takke sluit
3. Amcu wil stééds staak
4. KYK: Die naweek se rugby-hoogtepunte
5. Rand is lusteloos, dollar lek sy wonde

Kontak Boland Gazette

Kontak ons

Ons kommentaarbeleid

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar hierdie is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Lees ons volledige kommentaarbeleid hier

MELD AAN of REGISTREER om kommentaar te lewer. Dit neem net twee minute!

Comments for this thread are now closed

0 Comments Netwerk24 Login

Recommend Tweet Share Sort by Best

This discussion has been closed.

Subscribe Add Disqus to your siteAdd DisqusAdd



Stemme

Murray La Vita

Rubriekskrywer

Murray La Vita is 'n bekroonde rubriekskrywer en profielskrywer vir Netwerk24.

Witboy: ''n Virgin wat begin op nul'

Verkiesing 2019 – hier kom 'n ding

komonskliek
DEEL VAN NETWERK24

MANS VROUE SOEK

NetMyself

Wat jy sien is wat jy kry. Ek draai nie doekies om nie. Ek is eerlik en opreg. Ek is positief en logies. Lank genoeg op aarde om te weet wat ek wil he. Nie tyd vir speletjies nie

Vlooi81

Ek wil in die nabye toekoms graag 'n life coach word. Ek hou nie daarvan om op die spot gesit te word nie Om saam met geliefdes te kuier is lekker. Met die G-d van Abraham,...